

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

YHVH SE VOEDSELVOORSKRIFTE

LES 12: JY EET WAT JY IS EN JY IS WAT JY EET

INLEIDING

1. YHVH het ons geskape en Hy weet wat vir ons as mens die beste is (Jer. 7:23). As ons Skepper het Hy ook die reg om te besluit wat is, en wat is nie, voedsel vir ons. Geloof in Hom is 'n vaste vertroue dat Hy ons belange op Sy Vaderhart dra en weet wat die beste vir ons is. Liefde vir Vader-God is om met vreugde in alles aan Hom gehoorsaam te wees. Dit is om Sy onderrig en instruksies, naamlik Torah, ter harte te neem en dit nougeset toe te pas bloot omrede ons vir Hom waarlik lief is en Hom as ons Vader met alles volkome vertrou (Joh. 14:21 en 23).
2. Ons vlees, naamlik ons eie wil en begeertes, is van nature wederstrewig teen dit wat YHVH in sy Torah ons beveel. Daarom neig ons om eerder ons vlees te wil gehoorsaam en sal ons redes soek om ons eie keuses en optredes te regverdig.

Maar hulle het nie geluister en geen gehoor gegee nie, maar gewandel in wat hulle in die verharding van hul bouse hart beraadslaag het, en hulle het agteruitgegaan en nie vooruit nie. Jer. 7:24.

3. Indien ons kies om te eet volgens ons eie begeertes, ongeag wat YHVH in Torah voorskryf, dan verhef ons, onself bokant YHVH en word ons smaaksintuie ons god. Dit is niks anders as om onself deur ons eie wil as onafhanklik van God te verklaar. Laat ons nooit vergeet wat Yeshua self gesê het toe Hy Deuteronomium 8:3 aangehaal het: *Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God* (Luk. 4:4). Ware lewe van oorfloed vind ons alleenlik deur gehoorsaam te wees aan elke woord uit YHVH se mond. Yeshua ons Messias is ons voorbeeld van gehoorsaamheid. Hy het gekom om die Vader se wil te doen (Heb. 10:7) en sou daarom niks geëet het wat onrein is nie.
4. Wanneer ons Torah, naamlik al YHVH se onderrig en instruksies, bestudeer dan word ons gekonfronteer met 'n besluit wat ons moet neem. Hierdie besluit is aan watter van die volgende drie groepe behoort jy:

- ❖ Ons kan met Israel identifiseer omrede ons die wilde olyftak is wat op die mak olyfboom ingeënt is en daarom hoor en doen wat YHVH in Sy Woord aan die hele Israel sê wat bestaan uit Jood en nie-Jood wat in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias glo.
- ❖ Ons kan met Israel identifiseer omrede ons die wilde olyftak is wat op die mak olyfboom ingeënt is, maar dinge soos die voedselvoorskrifte bloot as geskiedkundige feite en geestelike tipologie (simbolisme) bestudeer wat nie meer van toepassing op ons in die hernieude verbond is nie.
- ❖ Ons kan onself beskou as uitgesluit van die verbond wat YHVH met Israel gesluit het en daarom is dinge soos die voedselvoorskrifte slegs op Israel van toepassing.

Opsie twee en drie is wat die kerk verkondig. Die vraag is egter: Wat van die moontlikheid dat die Skepper van die mens en die Skepper van dit wat die mens eet, wel weet wat die beste vir die mens se welsyn is en daarom die voedselvoorskrifte uit liefde gegee het? Wie gaan ons glo? Teoloë wat feilbare mense is of glo ons die Woord van die Almagtige wat Alwetend en onfeilbaar is? Hierdie is nie 'n moeilike keuse nie!! Die wat hulle huise op die onwankelbare Woord van Vader-God bou, sal die storms kan trotseer.

5. Hoekom is ons gehoorsaam aan Torah? Die antwoord is eenvoudig: Omrede ons glo dat YHVH weet wat die beste vir ons is en omrede YHVH dit beveel het. Die belangrikste is egter omrede YHVH dit beveel het. Wanneer Hy iets beveel, moet ons dit doen sonder dat ons noodwendig hoef te verstaan hoekom ons dit moet doen. Die feit dat YHVH dit beveel het, is genoeg rede om dit te doen. Die verstaan van hoekom ons dit moet doen kan later kom en dikwels kom die openbaring van hoekom ons dit moet doen eers nadat ons in gehoorsaamheid dit gedoen het.
6. Ons motivering vir gehoorsaamheid is nie om geregtigheid te verkry nie! Nee, dit is ons reeds deur die geloof in die genadevoorsiening deur Yeshua Messias. Ons doen dit ook nie omrede ons daardeur YHVH se liefde wil wen nie! Nee, Hy het ons reeds meer lief as wat ons ooit sal kan verstaan. Ons doen dit omrede YHVH ons herskep het deur wedergeboorte en ons nou as 'n nuwe skepsel volgens Sy onderrig en instruksies (Torah) leef. Ons doen dit omrede ons Vader-God liefhet en Hom ten volle vertrou en ons strewe omrede ons gelykvormig aan Yeshua ons Messias wil word. Ons is gehoorsaam omrede ons dit wil wees waarvoor Hy ons herskep het om te wees.

JY EET WAT JY IS.

1. Dit is 'n natuurwet dat alle lewende wesens van die diereryk instinktief weet wat om te eet weens hulle inherente aard. Hulle eet volgens dit wat hulle

geskape (“geprogrammeer”) is om te eet. `n Perd of skaap eet byvoorbeeld nie vleis nie, maar wel gras, want dit is hoe YHVH die Skepper `n perd en `n skaap gemaak het.

2. Wanneer `n skepsel se dieet bestaan uit dit wat deur die Skepper “gespesifiseer” is, dan floreer daardie skepsel. Dit is `n natuurwet en dus deel van YHVH se goeie orde wat in Sy skepping bestaan om lewe te verseker. `n Dier weet instinktief wat hy veronderstel is om te eet. Diere eet volgens dit wat hulle is.
3. Anders as diere het die mens `n wil en die vermoë om keuses te maak van wat hy eet op grond van kennis wat evalueer kan word. Hierdie kennis van wat goed (gesond) is om te eet en van wat nie goed is om te eet nie (ongesond), neem steeds toe. Wat voedsel aan betref het die mens `n geweldige verskeidenheid om van te kies. Daarom neig die mens om sy eie voedselwette te maak en hierdie voedselwette is dikwels kultuur gebonde. So vind ons dat in sekere lande, en in sekere kulture, word voedsel geëet wat in ander lande en kulture totaal onaanvaarbaar is. Dit is `n geval van keuse en van dit wat elk “geleer” het om te eet.
4. As nuwe skepsel in Yeshua moet ons ook dit eet wat ons Skepper “gespesifiseer” het om te eet. Ons het ook `n nuwe inherente aard, naamlik die Heilige Gees, ontvang wat ons leer en lei. Ons moet ook dit eet wat ons herskep is om te eet, naamlik volgens YHVH se voorgeskrewe dieet, naamlik volgens Sy voedselvoorskrifte.

Daarom, as iemand in Yeshua die Messias is, is hy `n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword. 2 Kor. 5:17.

JY IS WAT JY EET

1. Uit `n voedingsoogpunt kan daar met sekerheid verklaar word: *Jy is wat jy eet!* Dit wat die mens eet, en die hoeveelhede daarvan, bepaal tot `n baie groot mate die mens se algemene gesondheid. Hierdie feit is deur dieetkundiges en voedselwetenskaplikes al by herhaling bewys en word deur medici heelhartig onderskryf. Verkeerde eetgewoontes is een van die grootste oorsake van `n verskeidenheid van siektes soos hartvatsiektes, kankers, diabetes, hipertensie, kolonkanker, ens. Dieet en gesonde lewenstyl is die belangrikste faktore wat die mens se welsyn beïnvloed.
2. In die lig van bogenoemde kan ons dan wel die vraag vra: Is YHVH se voedselvoorskrifte vir ons fisiese of geestelike welsyn, of dalk vir beide, gegee? Ons kan wel onomwonde verklaar dat alles wat YHVH ons beveel, is vir ons eie welsyn. Ons weet met sekerheid dat Vader-God ons belange op Sy hart dra. Hy wil net die beste vir ons gee. Dit is tog immers die doel van Sy Torah!
3. Ons is wat ons eet beteken dus dat dit wat ons eet gaan ons liggaamlike

welsyn beïnvloed. Daar bestaan ondermeer wetenskaplike bewys dat die eet van vleis van diere wat deur YHVH as onrein verklaar is, 'n nadelige effek op die mens se gesondheid het. [Ons sal in 'n latere studie in hierdie reeks meer daaroor sê]. Vandag is dit byvoorbeeld ook algemene kennis dat die eet van diervet ongesond is en die rede vir veral hartvatsiektes en dikdermkanker is. Ons kan dus met 'n baie groot mate van sekerheid verklaar dat dit die belangrikste rede is waarom YHVH die eet van diervet verbied het (Lev. 7:23 en 24). So is dit ook algemene kennis dat olyfolie baie gesondheidsvoordele inhou. Nou kan ons verstaan waarom olyfolie so belangrik vir Israel was en steeds vir ons vandag is! Kan jy sien dat YHVH ons welsyn as belangrik beskou en dat Hy weet wat goed en wat sleg vir die mens is? Hy weet dit van die begin af, nog voor die mens dit uitgevind het.

4. Net so beïnvloed gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies, naamlik aan Torah, ons geestelike "gesondheid". Gehoorsaamheid is bevorderlik vir ons geestelike welsyn en ongehoorsaamheid is nadelig. Ons moet besluit of ons van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid gaan "eet". 'n Dieet van gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies verseker geestelike welsyn.
5. Wanneer ons ongehoorsaam is aan YHVH se onderrig en instruksies, soos aan Sy voedselvoorskrifte, word ons onrein.

Want Ek is YHVH julle God; toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig; daarom, verontreinig julle self nie deur enige ongedierte wat op die aarde kruip nie.

Lev 11:44

Dit beteken nie noodwendig dat ek my redding kwyt is nie, of van die genade verval het nie, of onmiddelik dood neer sal slaan soos 'n Nadab en Abihu as ek dit eet wat YHVH as onrein verklaar het. Iemand wat van die vleis van 'n onrein dier eet, neem die status van die onrein dier aan, naamlik so 'n persoon word verontreinig en is dus self onrein. **Onthou, jy is wat jy eet!!**

6. Hierdie onreinheid is nie permanent nie, want dit kan verwyder word deur die gepaste handeling, want dit is 'n onreinheid wat deur 'n persoon wat voorheen rein was, verkry is deur 'n handeling soos om ongehoorsaam aan Torah te wees en byvoorbeeld onrein vleis te eet. Daarom kan so 'n persoon se status weer van onrein na rein verander word deur gepaste handeling van berou en vergifnis en weerhouding van dieselfde oortreding. [Verwys na les 5 en 6 van hierdie studie waar rein en onrein meer breedvoerig bespreek word].
7. Die toestand (status) van onrein berooft ons van dit wat YHVH ons bestem het om te wees. Dit veroorsaak 'n versteuring in die verhouding met Vader-God en 'n besliste moontlikheid dat dit ons van sekere seëninge ontnem,

bestaan wel. Hoekom is so baie mense bereid om hierdie risiko te neem? Indien ons YHWH ons Vader en Yeshua waarlik liefhet, sal ons tog 'n brandende begeerte hê om in alles gehoorsaam te wees! Lees weer Joh. 14:21, 23 en 24 – liefde is gehoorsaamheid.

8. Hoewel ongehoorsaamheid aan dinge soos YHWH se voedselvoorskrifte nie noodwendig beteken dat ons, ons redding kwyt is en nou tot die hel verdoem is nie, moet ons wel deeglik ag slaan op die woorde in Heb. 10:26 tot 29:

Want as ons opsetlik sondig, nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, bly daar geen offer vir die sondes meer oor nie, maar 'n verskriklike verwagting van oordeel en 'n vuurgloed wat die teëstanders sal verteer. As iemand die wet van Moses verwerp het, sterf hy sonder ontferming op die getuienis van twee of drie; hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy verdien wat die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaad het?

Ongehoorsaamheid aan YHWH is 'n dobbelspel waar die verloorder altyd die mens is.

9. Opsommend: Om YHWH se voedselvoorskrifte nougeset te volg het fisiese en geestelike voordele. YHWH verlang dat die bruid van Sy Eersgebore Seun geestelik en fisies gesond moet wees. Ons het die keuse om in gehoorsaamheid te eet volgens YHWH se voedselvoorskrifte en sodoende onself as die bruid van Yeshua ook op die wyse te reinig sodat ons liggaamlik en geestelik rein en gesond kan wees. Andersins kan ons steeds volgens ons eie keuse eet wat ons wil en die moontlike gevolge dra. **WAT KIES JY?**
10. Die eetlus van die nuwe mens in Yeshua Messias is 'n afgesonderde (heilige) eetlus wat geen begeerte het om dit wat onrein is te eet nie.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Ons is baie versigtig wat se brandstof en olie ons in ons motorvoertuie gebruik, want ons weet dat ons die voorskrifte van die vervaardiger nougeset moet volg om die maksimum kraglewering en leeftyd uit die voertuig te kry en enige skade te beperk. Tog is die meeste mense nie bereid om die "Vervaardiger" van die mens se voorskrifte te volg ten opsigte van die "brandstof" en die "olie" waarmee ons, ons liggame voer nie!!

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuweliel.info

Webwerf: <http://www.nuweliel.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.